## 19 September Matteus 7:24-29 (Ps. 11:3)

### *Keer die fondamentslopers*

Geboue moet stewige fondamente hê veral in ons tyd waar die een wolkekrabber na die ander in ons stede verrys. Dieselfde kan ook geld vir lewenskringe soos die skool, die staat, die gemeenskap en die kerk. Van 'n stewige en betroubare fondament af bou jy voort na 'n sekere doel toe. Gelowiges se lewensfondament is die Bybel. Die Satan en sy bose magte wil hierdie fondament vernietig. Daar is revolusie teen die gesagsbeginsels op alle lewensvlakke. Daar is aanslae teen die geloofsfondamente van huwelik, gesin, kerk, samelewing. Satan se poging is om dié lewenskringe in duie te laat stort. Revolusie word gestook teen die fondamente van goeie sedes, gesonde moraal en ware sinlikheid. Die Satan wil wanorde en chaos saai want dit is die teelaarde vir sy aanvalle op die hart van die gelowige. As hy die fondamente van 'n Christelike beskawing kan opbreek verval alles in 'n puinhoop. "As die fondamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?" (Ps. 11:31). Wat kan jy doen as hierdie gevaar jou lewe bedreig? Dawid se raad is: Skuil by die Here (Ps. 11:1). Vlug en weghardloop help nie. Soek doelbewus na die wil van God in alles wat jou lewe raak. Bied ten volle weerstand teen die fondamentslopers in jou lewe. Dié fondament is Jesus Christus (1 Kor. 3:11). As jy dit nie doen nie kan jou lewensgebou in duie stort. Bied in die krag van die Heilige Gees ten volle weerstand teen die fondamentslopers.

Sing: Psalm 119:15 Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)